# HOOFSTUK 2.

## Die algemene sosiologiese beskouing oor die opvoeding en onderwys in die menslike samelewing.

### Inleiding.

Teen die agtergrond van die kort historiese oorsig, die kort samevatting en kritiese opmerkinge oor die verskillende tendense waarvan die Sosiale Studies een van die vernaamste, indien nie die vernaamste vrug van die Opvoedkundige Sosiologie is nie, volg dat 'n prinsipiële en kritiese ondersoek na hierdie sg. geïntegreerde ervaringsveld die kernprobleemstelling van hierdie ondersoek is.

Voordat hierdie ondersoek na die „geïntegreerde ervaringsveld" plaasvind, gee ons vooraf 'n prinsipieel-tetiese uiteensetting van die algemene sosiologiese beskouing oor die opvoeding en onderwys in die menslike samelewing.

By 'n ondersoek van die menslike samelewing en die opvoeding en onderwys vind ons eerstens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en roeping.

Ons het hier te make met die opvoedingsproses in die menslike samelewing in universele sin en betekenis. „Het feit der opvoeding heeft binnen de mensen- wereld een volstrekt algemeen karakter. Een menselijke gemeenschap, waarin niet opgevoed wordt, bestaat niet"[1]. „All contacts are parts of a process of education[2];

---

1. Kuypers, A., Wielenga, G., Wyngaarden, H.R.: Feestbundel uitgegeven ter gelegenheid van het Vijfentwintigjarig Jubileum als Hoogleraar van Doctor Jan Waterink. Amsterdam, 8 October 1951; p. 105-106.

2. Hayes, E.C.: Introduction to the study of sociology; p. 652.

education touches life at every point..... Society is full of educators" 3).

Die wese van die pedagogiese werksaamheid is altyd 'n bewuste beïnvloeding van 'n volwassene in wisselwerking met die onvolwasse indiwidu-en-die-groep, van watter aard hierdie groep ook al mag wees, selfs die menslike samelewing in sy groot geheel waarom dit in hierdie hoofstuk dan ook gaan.

Die samelewing is 'n normatiewe samelewingsorde, waarin elke mens 'n taak en roeping het hier en nou en orals te alle tye 4).

'n Voorlopige omskrywing van die menslike samelewing blyk hier nodig te wees. Die menslike samelewing bestaan uit samelewingsvorme (die konstante met gemeenskapsverhoudinge en die maatskapsverhoudinge), handelinge en gebeurtenisse waarin die mens die aksiesentrum is. Die samelewing en kultuur is in relatiewe sin die produk van die mens se skeppende en vormende vermoë.

Die mens lewe in vervlegting met sy neweskikkende samelewingsvorme maar ook in sy lewenskringe, bv. die kultuur- en natuur-, die estetiese-, juridiese lewenskringe ens.

Die menslike samelewing is normatief, d.w.s. in elkeen van hierdie samelewingsvorme - die huwelik, gesin, kerk, staat, skool en bedryf ens. - heers daar 'n norm, 'n norm wat die mens in elkeen van die onderskeie samelewingsvorme 'n taak, 'n roeping oplê volgens die aard en

---

3. Ottaway: Education and society; p. 5.
   Vgl. Cuber, J.F.: Sociology. A Synopsis of Principles. Crofts, New York, 1955.

4. Vgl. Feestbundel: Doctor Jan Waterink, p.107: „Paedagogiek is dat onderdeel van de leer omtrent mens (anthropologie) en menselijke gemeenschap (sociologie) dat:
   (a) zijn modale zinkern vindt in de vormende invloed op de aanwezige aanleg van de jeugdige mens door de volwassenen, die tot die dienst aan hem geroepen zijn,...".

wese daarvan om die kind onder leiding van volwassenes in te lyf en bekwaam te maak vir sy roeping en taak, d.w.s. om onder leiding van die volwassenes gevorm en ontwikkel te word vir 'n persoonsroeping : vanaf die wieg tot aan die graf, maar ook vir anderkant die graf: die inlywing by 'n tydelike samelewingswerklikheid en voorbereiding vir die Hiernamaalse lewe.

Wanneer Dent skrywe: „... when the great institutions of society begin to work together towards a common end, then at last we are on the road to the ideal of a society which is educative in all its parts and aspects" [5], omskrywe ons dit met die integrale beskouing oor die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en roeping wat dus veel omvattender is.

Die ruimer sosiologiese beskouing oor die opvoeding en onderwys is noodsaaklik vir die persoonsroeping: die integrale opvatting van die pedagogiese werksaamheid en roeping, want „education in its widest sense includes any method whereby culture, including not only social heritage and traditions, customs, and institutions from the past, but also new knowledge and techniques, is transmitted from one individual or group to another individual or group. It involves both learning and teaching, and is vitally necessary for the continued existence and functioning of any society. It is the means whereby organized society is perpetuated and whereby it grows" [6].

Op hierdie wyse word die kind as mens opgevoed in en deur die samelewing, waarby veral die skool naas en saam met die ander lewenskringe staan, maar dan so dat die beïnvloeding, die opvoeding - d.i. die vorming en ontwikkeling van die persoonsroeping geskied volgens die eieaard en wese van die samelewingsvorme - elkeen volgens sy struktuurnorm en sy normkompleks.

---

5. Dent, H.C.: Education in transition, p. 235.
6. Gillen, J.L. en Gillen, J.P.: Cultural Sociology; Macmillan, New York, 1948; p. 460.

In hierdie lig het die volwassenes dus tot roeping om die kind van jongs af op so 'n wyse te lei tot die geleidelike besef dat hy die aktiewe element, die aksie-sentrum is en moet wees in sy groeiende persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef, hier en nou, elke oomblik en orals in die onderhouding en vorming van die samelewing en die kultuur. Hiermee is ook gesê dat die kind en die mens tegelyk indiwidueel en sosiaal is, en dat die mens, die samelewing en die kultuur in sy opvoeding en vorming tot persoonsroeping 'n drie-eenheid[7] is.

Tweedens het ons te make met die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale proses van samewerking in die algemeen.

In die ruimere opvatting van die onderwys en opvoeding het die lede van 'n bepaalde samelewingsvorm 'n gemeenskaplike roeping met 'n bepaalde doel waarop al die handelinge, die funksies en die verhoudinge gerig en gekleur is.

Om die gemeenskaplike doel te bereik vereis samewerking, harmoniese samewerking en eenstemmigheid tussen die volwassenes wat die leiding aan die onvolwassenes moet gee, waardeur lg. beïnvloed en gevorm word in die aanvaarding van die leiding wat gegee word.
In hierdie verband skrywe Panunzio: „An institution may be defined as a complex in and through which human relationships function toward given ends; it is a canalized or grooved operation of social relationships as these are directed toward and find embodiment in particular functions"[8].

7. Van Dyk : Mens en medemens, p. 38.

8. Panunzio, C.: Major social institutions; Macmillan, New York, 1939; p. 25.

Hierdie universele en grotendeels konstante sisteme van menslike funksies in die dinamiese strukturele orde van die samelewing word gemanifesteer in die ekonomiese, staatkundige, kerklike of godsdienstige, gesinsamelewingsgroepe ens., wat elkeen 'n eie verskillende leidende funksie met 'n onderskeie gemeenskaplike doel vir die samewerking van sy lede inhou.

Hierdeur word nie slegs die samelewingsvorm onderhou en daardeur uitgebou nie, maar die indiwidu-en-die-groep word eweneens beïnvloed en gevorm. „In return each institution tends to shape the conduct of its members" 9).

By die voorgaande het ons normale samewerking.

Verstoorde samewerking is ook moontlik en dit gebeur byvoorbeeld op die ekonomiese, regs-, etiese, godsdienstige, staatkundige gebied. In die huisgesin is dit veelal kinderopstand, botsing in opvattinge, ens., wat van buite die gesin ingedra word. Onder die leiding van die ouerlike liefde-gesagsnorm word harmonie egter herstel.

'n Verdere onderskeiding in samewerking word gegee in <u>The dictionary of Sociology</u>: „any form of social interaction in which personalities or groups combine their activities in such a way that the greater success of one party to the interaction, the greater the success of the other party or parties". Orals waar menslike samelewingsvorme is, werk mense dus saam om deur gesamentlike aktiwiteit die funksies tot bereiking van 'n gemeenskaplike doel te verwesenlik.

Dit is egter eers met die normatiewe orde wat ons die werklikheidsorde - die feitlike orde kan verstaan en

---

9. Murray, R.W.: <u>Introductory Sociology</u>, p. 245.

kry dit sin en betekenis vir die mens as die aktiewe element en sy samelewingsvorme, -verhoudinge, handelinge en die gebeurtenisse wat die totaliteitstruktuur beïnvloed.

Die feitlike sosiale verhoudinge in die menslike samelewing word vasgestel volgens die wesentlike sosiale norme en kom tot openbaring in die dinamiese strukturele orde op die grondslag van samewerking tussen mense, tussen mense en groepe en tussen groepe en groepe - ja, ook in wêreldomvattende sin as internasionale ekonomie en handel, bankwese, opvoeding, kernfisika, godsdiens ens.

Derdens is daar ook die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale proses van wisselwerking.

Dit is eers in die kader van samewerking, van leiding gee en leiding aanvaar dat die verhouding van leiding gee en van die leiding wat aanvaar word, dit is opvoeding en vorming - die pedagogiese werksaamheid verstaanbaar word.

Op die opvoedkundige lewensterrein het ons 'n sosiale proses van samewerking, wat tegelykertyd ook 'n wisselwerkingsproses is van beïnvloeding tot vorming en ontwikkeling van die eiendomlike gawes, talente, neigings ens. van die onvolwasse persoonlikheid deur die volwasse opvoeder: 'n persoonlike verhouding tussen opvoeder en opvoedeling.

Die wisselwerking tussen die wat leiding gee, en die wat leiding aanvaar, is 'n pedagogiese waarheid wat nie slegs op die skool van toepassing is nie maar op alle samelewingsvorme waarvan die pedagogiese werksaamheid in sommige lewenskringe volgens die struktuurnorm minder of meer of net daardeur, soos bv. die skool, bepaal word.

Inherent en eie aan die sosiale proses van opvoeding wat ontstaan uit die organisasie en onderhouding van die sosiokulturele werklikheid, d.i. die samelewing, die samelewingsvorme, die -verhoudinge, die handelinge en die gebeurtenisse, is die element van wisselwerking, wat, net soos samewerking, 'n wisselwerking tussen die opvoeder en opvoedeling is en deel van die sosiale orde wat nie vermy kan word nie.

Dit is die spontane uitvloeisel van kontakte, vervlegting en lewensverbondenheid met mekaar wat op die grondslag van groepsverbande georganiseer is. „It (interaction) is part of the societal functioning which cannot be avoided. It is a natural product of human associations ....." [10].

Hierdie sosiale proses van wisselwerking is 'n onmisbare element by die pedagogiese werksaamheid. Dit lê ingebed in die natuur van die mens, in sy geestestruktuur, sodat ook die integrasie van die normatiewe ordekomplekse en die feitlike ordekomplekse by die mens 'n wesentlike feit is en inderdaad in die empirie gerealiseer word.

Die empirie toon ook in die pedagogiese werksaamheid aan dat „such an individual is an interacting member of the social order" [11]. Dus in die groot geheel van die menslike samelewing is die mens voortdurend op die een of ander wyse in kontak met sy medemens.

In die opvoeding en onderwys van die kind onder leiding van volwassenes is persoonlike kontak noodsaaklik by die vorming tot persoonsroeping. Die kontakte

---

10. Finneman, J.A.: Society and education; MacMillan, New York, 1932; p. 271.

11. Park, R.E.: An outline of the principles of Sociology; Barnes en Noble, New York; p. iii.

beïnvloed die gedragswyse, verhoudinge en gesindheid van die opgroeiende kind tot 'n lewenshouding.

Hierdie kontak is dan ook van verskillende aard, omdat in die pedagogiese proses hierdie werksaamheid tot persoonsroeping uitgaan van volwasse persone in sowel die gemeenskapsvorme as die maatskapsverhoudinge van die samelewing as geheel, om die samelewingsverhoudinge te orden waarby die kind voorberei en toeberei word vir uiteindelike inlywing daarby.

Ook die kontak by die pedagogiese werksaamheid staan altyd in verband met die aard en wese van die onderskeie samelewingsvorme van sowel die volwassenes as die onvolwassenes in vervlegting met mekaar in die newegeskiktheid van die groepe.

Die mens, die kind is opvoedbaar en dan ook so dat in die opvoeding en vorming tot persoonsroeping van die kind die pedagogiese werksaamheid ook waarde vir die opvoeder self het. „Nooit wordt één mens opgevoed, het is steeds n + 1. De opvoeder, die niet mede wordt opgevoed, is geen opvoeder, hy is dresseur" [12]. Dus het die pedagogiese werksaamheid in sy ruimere sosiologiese opvatting ook waarde vir die ouers, die onderwysers, die predikante, die staatsamptenaar ens., want: „all contacts are parts of a process of education" [13], en daarom mond alle opvoeding uit in die samelewing en kom daarin tot openbaring, al bied dit hulp en steun aan die geloofsinterpretasie van die kerk om heen te

---

12. Van Houte, I.C. : Over den opvoeder. Mededelingen van het Nutseminarium voor Paedagogiek aan de Universiteit van Amsterdam, p. 19.

13. Hayes, E.C. : Introduction to the study of Sociology; Appleton, New York, 1925; p. 652.

wys en na Bo te lei. Dit is die persoonsroeping in die geskiedenis van die mensheid.

In aansluiting hierby behandel ons vierdens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale prosesse van beheer en verandering.

Hier gaan dit om die „enkeling en die sosiale orde". Geen gemeenskap of samelewing, in watter vorm ook al, kan sonder sosiale beheer gesond funksioneer nie.

Om hierdie bewering te staaf moet ons ons rekenskap gee van wat ons onder sosiale beheer verstaan. Reuter en Hart sê: „For by social control is meant the way in which the entire social order coheres and maintains itself - how it operates as a whole, as a changing equilibrium. The concept of social control brings us to the focus of sociology and its perpetual central problem - the relation of the social order and the individual being, the relation of the unit and the whole.... We must seek out the ways in which society patterns and regulates individual behavior and, at the same time, the ways in which patterned and standardized behavior in turn serves to maintain the social organization" [1].

Met hierdie aanhaling raak ons die hele vraagstuk aan van die verhouding tussen die individu en die gemeenskap, deur Lysen genoem „die ewige dilemma" [2].

Hierdie vraagstuk is egter so 'n belangrike sosiologiese probleemstelling vir die opvoeding dat ons hierop

---

1. Reuter & Hart aangehaal deur MacIver, R.M. en Page, C.H.: Society. An introductory analysis; MacMillan & Co., Ltd., London, 1953; p. 137.

2. Lysen, A.: Individu en gemeenschap; Derde druk bewerkt en ingeleidt door B. Landheer, N.V. Servire, Den Haag, 1954; hoofstuk 3.

dieper moet ingaan. Met die bestudering van die sosiologiese aspek van die opvoeding en onderwys word die aanstaande onderwyser in staat gestel om 'n insig te verkry in die opvoeding vanuit 'n bepaalde hoek, en wel van die sosiologiese aard van die samelewingsvorme en hulle spesifieke bydrae tot die opvoeding waarop die laerskool dan verder moet voortbou, wat dit moet aanvul en afwerk op sy eie wyse as voorbereiding vir die lewe- die samelewing waarby hy aansluiting moet vind, in sy vervlegting en wisselwerking daarmee, maar ook en veral deur sy bydrae tot die onderhouding en vorming daarvan.

In hierdie lig het ons te make met die ruimer sosiologiese beskouing oor die onderwys en opvoeding wat in verband staan met die verhouding tussen die indiwidu en die sosiale orde, d.i. die groot geheel van die menslike samelewing. Wanneer ons van die samelewing praat, spreek ons van die menslike samelewing as 'n samelewingsorde [3], wat bestaan uit gesinne, kerke, state ens., samelewingsvorme wat elkeen sy struktuur volgens aard en wese met 'n bepaalde lewensdoel en -aktiwiteit het. Omdat hierdie konglomeraat van tallose samelewingsvorme, organisasies, kringe en groepe langs en naas mekaar staan, d.w.s. wel gekoördineerd, en nieteenstaande die eie en selfstandige normekompleks van elkeen bestaan daar tog 'n relatiewe eenheid in die integrasie en gelykgerigtheid in die totaliteit van die normekomplekse wat aanvaar word en in die konformering daaraan deur die gesamentlike gemeensame gedragsgerigtheid van die verskillende mensegroepe, om 'n kultuurpatroon te vorm [4]. Om hierdie rede skrywe

---

3. Van Dyk : Mens en medemens, p. 64.

4. Ibid., p. 68.

Kinneman dan ook : „The most effective control flows from the social institutions. The institutional organization, because of the standardization of ideas, is usually successful in imposing its standards" [5]. Dit is m.a.w. die krag waarmee 'n sosiale struktuur die menslike handelinge en gedragswyse bepaal; die struktuur is dus normatief en na sy inhoud 'n verbesonderde krag vir die persoon - 'n norm.

Ook ander skrywers gee hulle mening oor die aangeleentheid, o.a. Angell met sy „common good" as algemeen aanvaarde waardes [6]; Linton met sy „Universals, specialities and alternatives" in die huidige kultuurkrisis [7]. Die norme en waardes handel oor 'n gemeenskaplike basis vir 'n gesonde sosiale organisasie waaraan die persoon deel het en waarvan hy lid is, vir die bestaan en voortbestaan van die sedelike en geestelike welsyn van 'n gemeenskap op die grondslag van samewerking en wisselwerking. Samevattend skrywe Dent: „... when the great institutions of society begin to work together towards a common end, then at last we are on the road to the ideal of a society which is educative in all its parts and aspects" [8].

Die middel om die implikasie van hierdie aanhaling te bereik is opvoeding, wat die sosiale lewe beïnvloed, verbeter en bowenal dien om die sosiale lewe te hervorm,

---

5. Kinneman : <u>Society and education</u>, p. 271.

6. Angell, R.C.: <u>The integration of American society</u>; McGraw-Hill, New York, 1941; p. 215.

7. Linton, R.: <u>The study of man</u>; Appleton-Century, New York, 1936; pp. 282, 284.
Mannheim : <u>Diagnosis of our time</u>, hoofstuk 2.

8. Dent, H.C.: <u>Education in transition</u>; Kegan Paul, Trench, Trubner & Co., Ltd., London, 1945; p. 235.

want "..... education is a main agency of social control" 9).

Die beskouing oor sosiale beheer hang ten nouste saam met 'n lewens- en opvoedingsbeskouing. Onder andere wys Dobinson op 'n gevaar as hy skrywe: "... if our habit is to conceive of education in sociological (or psychological) terms, there is a danger of becoming too deterministic, or of conceiving persons or groups simply as instances of generalizations, perhaps to be controlled or manipulated or directed according to what the sociologist (or psychologist) may assume, without thinking much about it, to be good. Or, again, desirable as is the application of scientific method to education, there is a danger, in so analysing, of becoming so intoxicated by the pleasure of the game of scientific analysis and verification that something, living individual human beings or social groups with their individual ethos, slips through the analytic meshes. Intellectual vested interests easily spring up, and with them fragmentation and distortion of the whole truth" 10).

In teenstelling met die eksistensialisties-scientisties georiënteerde Humanistiese lewens- en opvoedingsrigtings aanvaar ons onvoorwaardelik die gebalanseerde Calvinistiese standpunt en benader die probleem van sosiale beheer soos volg :

Die opvatting van die verskeidenheid en die veelkleurigheid van die menslike samelewing.

Die Opvoedkundige Sosiologie het te make met die

---

9. Dobinson, C.H.: Education in a changing world; Oxford at the Clarendon Press, 1951; p. 111.

10. Ibid., p. 106.

indiwidu <u>en</u> die gemeenskap, die integrasie van èn die persoon èn die gemeenskap of samelewing deur die opvoedingsproses.

Die Opvoedkundige Sosiologie moet aan die aanstaande onderwyser die kennis en insig verskaf om orals in die sosiale orde onderwysende en opvoedende werksaamhede te kan onderskei en vasstel in die vorming van die persoonsroeping. Immers, die kind en mens ontplooi sy eie aangebore geestesaard, aanleg, talente, vermoëns, neigings en moontlikhede in die hoogste mate in <u>en</u> deur die samelewing. In die mate wat die mens dan ook sy „einmalige", sy eiendomlike gawes, talente en geleenthede benut vir sy ontplooiing, in hierdie mate dien hy dan ook op sy beurt die samelewing deur sy deur die samelewing gelouterde gawes en talente.

Hiermee raak ons die hele vraagstuk van die verhouding tussen die indiwidu en die samelewing. Dis 'n belangrike sosiologiese probleemstelling vir die opvoeding, omdat dit handel oor die vraagstuk van die verhouding tussen die persoonlike lewe en die persoonlike aanleg teenoor die eise van die samelewing.

Die vraag wat ons na aanleiding van die voorgaande moet beantwoord is : Hoe vind die indiwidu met sy „eiønmalige", sy indiwidualiteit wat net van hom en hom alleen en van niemand anders is nie, tog die nodige aansluiting by die eise en behoeftes van die samelewing wanneer dit op 'n gesonde wyse georganiseer is? By implikasie is dit wat die aanhaling van Reuter en Hart oor sosiale beheer inhou.

Die beantwoording van hierdie vraag hang ten nouste saam met die wysgerige beskouing, wat op sy beurt weer afhanklik is van die religieuse grondmotief. In aansluiting hierby is ons opvoedingsbeskouing gefundeer in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Die toe-

passing hiervan bring ons tot die uitgangspunt, nl. die eenheid in die verskeidenheid en die verskeidenheid in die eenheid of, anders gestel, die verskeidenheid en die veelkleurigheid in die eenheid van die menslike samelewing, d.i. die sosiale orde. Hierdie verskeidenheid, veelkleurigheid en verskillendheid lê dus in die veelheid van samelewingsvorme, verhoudinge en handelinge van die persone en groepe en groepe van persone waaruit die samelewing saamgestel is. Dit is belangrik om daarop te let dat die groep veel meer insluit as die somtotaal van die lede waardeur dit saamgestel is. Hierdie samelewingstotaliteit is die groot geheel, nl. die sosiale orde. Wanneer die samelewing op 'n gesonde wyse georganiseer is, vind die indiwidu altyd aansluiting by die verskeidenheid, omdat die tendense van die verskeidenheid wat daar in die enkeling lê, ook in die veelheid aanwesig is. Hierdie tendense van verskeidenheid sluit ook in die bande van taal, godsdiens, kultuur, ideale ens., wat die enkeling aan die groep bind.

Op hierdie wyse versoen ons die indiwiduele met die sosiale en kom ons tot die organiese opvatting van die lewensverhoudinge - die genetiese opvatting van die opvoeding waardeur die menslike samelewing tegelyk gesien word as die bron en die doel van die veelsydigheid van persoonsnuanseringe. Kortom, die mens en die kind is sowel indiwidueel as sosiaal, en kragtens die laasgenoemde sal hy dan ook altyd die nodige aansluiting by die samelewing vind.

Om hierdie aansluiting van die indiwidu by die samelewing te bewerkstellig het ons te make met die integrasie van die persoon en die samelewing. In die integrasieproses kry ons die konkretisering van die algemene norm tot positiewe norms wat geld vir elke indiwiduele

persoon soos hy voortdurend gelei en gerig word deur sy persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef. 'n Norm is 'n waardemaatstaf - sosiologies „elke positiewe lewensreël wat 'n bepaalde wyse van gedrag of handeling voorskryf of verbied" [1] - gelei en gerig deur volwasse opvoeders: ouers, onderwysers, huisbesoek, vriende ens., ens. Op hierdie wyse kry ons die konformering aan die onderskeie normkomplekse van die verskeidenheid samelewingsvorme en aan elke norm wat hom toespits op die konkrete sosiale situasie, hier en nou, deurdat elke norm sy geldingsgebied ken binne die grense van 'n bepaalde samelewingsvorm volgens sy aard en wese. Ons kan hiervolgens byvoorbeeld bepaal in watter mate die algemene norm in 'n spesifieke huisgesin gerealiseer word deurdat elke norm hom toespits op sosiale situasies in die totstandkoming van die feitlike orde omdat dit 'n afstempeling van die normatiewe orde is.

In die normatiewe orde van die samelewingsvorme bestaan die aard en karakter van die normekompleks uit 'n groot verskeidenheid en 'n vervlegting van baie normsfere, tewens so groot soos die vorme en verhoudinge van saamlewe self: die geheel, die sosiale orde.

Om tot die kennis van die geheel te kom is kennis van die strukturele orde nodig, want dis die strukturele orde wat die geheel maak tot wat dit is [2]. Gewapen met die kennis van die strukturele orde, die bou-orde, wat aan die onderskeie aspekte in die geheel 'n eie bepaalde plek en funksie aanwys om sy eie besondere aard en karakter te kry, verkry ons insig in en begrip van die samehang en verband met die geheel: die samelewingstotaliteit. Omdat die strukturele orde ver-

---

1. Van Dyk : Mens en medemens, p. 65.
2. Ibid.

anker lê in die geestestruktuur van die mens, te danke aan Gods Skeppersswysheid [3], word hierdie normekomplekse geïntegreer en is die gedragswyse in 'n kultuurpatroon deurgaans so geslaagd dat mens nie eers bewus daarvan is dat dit hom doelbewus opgelê is en word nie.

Wat die skool betref, word die norme nie deur die onderwyser aangegee en ook nie na sy eie model hervorm nie, maar die Wet van God word gehandhaaf en die Godgegewe norme moet geldig gemaak word.

In 'n grotendeels homogene, landelike gemeenskap is hierdie integrasie van normekomplekse uiters geslaagd. Daarom skrywe Dobinson dan ook : „In the past education was largely a matter of tradition..." [4] ...„ and could be seen by everybody" [5].

Die nougesette ondersoeker kan egter nie by tradisie en gewoonte bly staan nie. Die menslike samelewing is voortdurend onderhewig aan verandering. Deur sosiale verandering [6] lewe ons vandag in 'n nuwe sosiale orde, en daarom verkeer ook ons opvoedingstelsel in 'n krisis[7].

In watter mate raak die sosiale verandering ons onderwys en opvoedingstelsel? Aan die hand van 'n paar aanhalings kry ons die volgende beeld: „The old rules of behavior no longer hold and the discrepancies between city and country life take their toll in maladjusted

---

3. Ibid., p. 66.
4. Dobinson: Education in a changing world, p.111.
5. Mannheim: Diagnosis of our time, p. 57.
6. Wirth, L.: „The significance of Sociology" in International Social Science Bulletin; Summer 1951, Vol.III, No. 2, Unesco Publication; p. 198-199.
7. Cook. L.A. en Cook, E.F.: A sociological approach to education. A revision of community backgrounds of education; McGraw-Hill Co., Inc., New York, 1950; p. 3.

personalities" [8]. „We now have to examine the implications of this mass-society for the young. They no longer grow to maturity within the life of true social units" [9].

Die vraag is nou: Hoe staan sake t.o.v. sosiale verandering om met die eksistensialisties-scientisties georiënteerde lewens- en opvoedingsbeskouing die integrasie in die sin en betekenis van sosiale beheer te bewerkstellig en wat is die gevolge? Verder ook: wat bly oor van: die menslike samelewing, wat tegelyk gesien word as die bron en die doel van die veelsydigheid van persoonsnuanseringe? Hierdie en ook ander vraagstukke word later behandel.

Die werklike aard van kodes en norme in 'n samelewing as 'n vorm van kollektiewe konformering is vir die mense in die algemeen deurgaans geslaagd, selfs in so 'n mate dat ook die persoon hierdie norme sien en aanvoel asof dit sy aangebore eienskappe is.

Die funksie en aard van norme kom slegs tot openbaring as ons hulle naspeur oor baie geslagte in die geskiedenis en hulle voortdurend verbind met die veranderende sosiale agtergrond, maar dan ook in die lig van die volgende aanhaling: „Doorbreking, wijziging van het cultuurpatroon, kan zware strijd en offers kosten; kan zelfs op revolutie en chaos uitlopen. Het is de blijvende roeping van de Christen, persoonlijk en met zijn mede-Christenen, het cultuurpatroon in alle onderdelen onophoudelijk de toets aan te leggen van de geopenbaarde

---

8. Dawson, C.A. en Gettys, W.E.: An introduction to Sociology; Third edition, The Ronald Press Co., New York, 1948; p. 193.

9. Reeves, M.: Growing up in a modern society; University of London Press Ltd., 1945; p. 86-87.

Norm in Christus Jesus" [10].

In hierdie lig is dit uiters noodsaaklik dat „Social change and social disorganization or the study of the broad transformations going on in society, the manner in which they affect institutions, attitudes, ideas and behaviour, and the problem situations which men confront " [11] gesien moet word as 'n geleidelike proses van sosiale verandering, wat oor geslagte strek. Toegepas op die opvoeding wat 'n skielike verandering t.o.v. die professie meebring deur byvoorbeeld die invoering van die Sosiale Studies sonder dat die onderwysers hoegenaamd onderlê is in die Opvoedkundige Sosiologie, kan nie straffeloos voortgaan nie. Die gevolge by ons opgroeiende jeug en jongmense is reeds merkbaar. Daarom skrywe Dent tereg: „In the last resort the problem of our Society is the problem of education: and all our social disorders may be traced back to lack of right education" [12]. Sonder om nou al op besonderhede in te gaan kan ons konstateer dat hiermee 'n poging aangewend is - 'n hernuwingspoging - om die jeug van Suid-Afrika op die lees van Engelse (empirisme) en Amerikaanse (pragmatisme) te sosialiseer - om 'n nuwe kultuurpatroon te skep.

<u>Vyfdens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die kultuurpatroon</u>.

---

10. Van Dyk : <u>Mens en medemens</u>, p. 70.

11. Wirth: <u>The significance of Sociology</u>, p. 198-199.

12. Dent, H.C.: <u>A new order in English education</u>; University of London Press Ltd., Warwick Square, London, 1946; p. 5.

(1) Wat is 'n kultuurpatroon?

„De totaliteit van sociaal-culturele normen waardoor de mensen in de samenleving (in een bepaalde mensengroep) worden gereguleerd en die in meerdere of mindere mate tot een homogeen geheel zijn geïntegreerd heeft men wel cultuurpatroon, „pattern of culture" genoemd. Deze term geeft wel treffend aan de onderlinge verwevenheid en afhankelijkheid van de normatieve elementen, waardoor een bepaalde eenheid van normatieve orde ontstaat, die voor elke samenleving weer een ander totaal-karakter kan dragen"[13]. Met ander woorde die kollektiewe integrasie van die totaliteitsorde van normekomplekse by die mense in die algemeen in hulle eenderse konformering aan die totaliteitsorde. Uit die aard van hierdie saak spreek dit tot ons dat 'n baie belangrike onderdeel van die kultuurpatroon tot openbaring kom in die gedragswyse van kollektiewe konformering aan die sosiaal-kulturele norme.

In hierdie verband wys ons daarop dat Clarke[14] in Suid-Afrika die kultuurpatroon kon onderskei van andere, deurdat die nageslagte van Geus en Hugenoot deur die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing in hulle verhoudinge, gedragswyse en handelinge gelei en gerig word. Verdere onderskeidinge in kultuurpatrone is ook die moderne stadsleefwyse wat verskil van die landelike kultuurpatroon.

Die min of meer uniforme gedragswyse hang ten nouste saam met die konstante samelewingsvorme, omdat die mees

---

13. Van Dyk : Mens en medemens, p. 69.

14. Clarke, F.: „History Teaching and Sociology" in Sociology and education, pp. 94, 95.

effektiewe beïnvloeding en sosiale beheer hieruit voortvloei [15] as die komponente kultuurmassas [16] wat 'n standaardisering is tot 'n homogeniteit van die totaliteit van die normekomplekse waaraan die lede van 'n bepaalde samelewing deel het, waarvan hulle deel is en waartoe hulle opgevoed word. Tereg skrywe Ottaway in hierdie verband: „Much of human behaviour has to be deliberately taught, and the process begins in the cradle... [17] concerning the right patterns of human behaviour and conduct" [18]. Met ander woorde, die gedragswyse as 'n lewenspatroon word eers deel van die kultuur wanneer dit deur die lede van 'n gemeenskap aanvaar word deur daaraan te konformeer soos dit oorgedra word.

Eers wanneer daar grootskaalse nonkonformering aan die normatiewe orde is, vereis dit 'n hersiening vanuit die positiveringsproses, wat die arbeid is van feilbare mense in die lig van Gods Woord. Hierdie arbeid is die werk van gesaghebbers, d.i. Opvoedkundige teoretici, wat die Bybelse prinsipes wetenskaplik verwerk om te pas by die veranderde samelewing.

(2) Die gesagsfaktor in breë trekke.

Alle gesag kom van Bo. Wanneer ons dus praat van gesag, bedoel ons daarmee afgeleide gesag.

---

15. Kinneman: Society and education, p. 271.
    Vgl. Sorokin, P.A.: Society, culture and personality; London, 1947; pp. 345-355.
    Vgl. Benedict, R.: Patterns of culture; Routledge,1935.
16. Eldridge and Associates: Sociology. A situational analysis; Thomas Y. Cromwell Co., New York, 1950; p. 63.
17. Ottaway : Education and society, p.5.
18. Mannheim : Diagnosis of our time, p. 12.

Gesag impliseer 'n gesindheid, 'n oriëntering t.o.v. waardes, wat iemand die mag en bevoegdheid gee tot die oplê van positiewe norme. Sulke persone (leiers) is gesagsdraers uit watter bron hierdie bevoegdheid ook al mag spruit.

'n Gesagskonstruksie vir die totaliteit van die samelewing bestaan nie. Wat wel bestaan, is gesinsgesag, kerkgesag, bedryfsgesag, maatskaplike gesag, wetenskaplike gesag, verenigingsgesag, skoolgesag ens.

Met betrekking tot opvoedkundige gesag het ons die Calvinistiese lewens- en opvoedingsbeskouing wat tot openbaring kom in 'n bepaalde onderwysstelsel. In sy wese aanvaar ons dat alle opvoeding 'n heenwys en heenlei is na Bo. In hierdie opset kan dus net volwassenes as gesagsdraers die leiding aan onvolwassenes gee in die persoonlikheidsontwikkeling en -vorming. Daarom wys ons saam met o.a. Langeveld die ruimere opvatting van onderwys en opvoeding van die hand waarby ook volwassenes vir hierdie invloede bestem is [1].

Samevattend konstateer ons dat elke samelewingsvorm of -kring sy eie soort gesag het en begrens word deurdat die soort gesag sy eieaard en karakter kry volgens die aard en wese van die samelewingsvorm en -kring.

Hierdie afdeling word later behandel.

<u>Sesdens: Die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en kultuuroordrag.</u>

Die Sosiologie werp die lig op die saak van kultuuroordrag aan die jongere geslagte deur die ouer geslag.

Die kind word nie slegs liggaamlik nie maar ook geestelik van die kennis en opvattinge, gewoontes, sedes en lewenswaardes, ideale, toegerus, soos al daardie dinge

---

1. Langeveld, M.J.: <u>Beknopte theoretische Paedagogiek</u>, Derde druk; J.B. Wolters' Uitgeversmy N.V., Groningen, Batavia, 1949; p. 21.

wat onder ons volksgewoontes en tradisies, aspirasies, vaardighede en tegnieke, ens., ingesluit is om deel te hê aan die kultuurgoed en -erfenis van sy volk. So word hy met 'n geestelike band gebind aan die verlede, die hede en die toekoms van sy volk op 'n min of meer duursame wyse [2].

Dis nie slegs die taak en roeping van die ouers in die gesinne nie maar ook in en deur die duursame samelewingsvorme, die kerk, die staat, die bedryf, as die draers en oordraers van die komponente kultuurmassas, om die opgroeiende geslag se lewens te verryk met hierdie kultuurskatte van 'n volk.

Maar hierby het ook en veral die skool 'n besondere taak en roeping om op sy eie wyse die kultuur oor te dra. In opvoedkundig-sosiologiese sin staan die skool in wedersydse wisselwerking met die totaliteit van die samelewing en die kultuur, maar dan so dat die samelewing en die kultuur in relatiewe sin die produk van die mens se arbeid, d.i. van sy skeppende en vormende vermoeë, is. Daarom skrywe o.a. Ottaway [2]: „Man is moulded by Society, but society is also moulded by man" - die integrasie en vervlegting van die mens met die strukturele orde van die dinamiese samelewing.

Die kind in die vorige aanhaling impliseer die uniek-eie gawes, talente, neigings ens. as die „einmalige" - die individualiteit van die persoon verbind en in wisselwerking met die samelewing, die samelewingsvorme,

---

2. Keyter, J.de W.: Die huwelik en gesin; Die Tweede Trek-Reeks no. 7; Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1940; p. 61-62.

2. Education and society, p. 37.
Vgl. Mannheim: Sociology and education, p. 6.

verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, omdat ook die kind doeleindes nastrewe met sy normbesef wat in die proses van sy persoonsvorming gevorm en ontwikkel word; beginnende by sy ouerhuis en aangevul deur die skool, kerk, staat ens., elkeen op sy eie wyse volgens sy onderskeie eieaard en wese.

Die kind en die mens reageer op die sosiale situasie waarin hy hom bevind. Hierdie reaksie is egter altyd verbind met daardie iets wat eie aan homself en aan niemand anders is nie - dit waarmee hy gebore word. Die resultaat van 'n persoon se opvoeding tot op daardie punt wat hy op 'n bepaalde oomblik in die lewe bereik het, is die resultaat van sy opvoedingservaring - die kennis van alle soorte wat hy opgedoen het, plus die indiwiduele vorming en ontwikkeling by hierdie ervaring maar gelei en gerig deur sy persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef. Hiermee is dan ook aangetoon dat die persoonlikheid ten dele bepaal word deur 'n kultuur waaruit dit gevoed word.

Waar opvoeding te make het met verantwoordelike persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling, is dit ook afhanklik van die kultuurtotaliteit waarin hierdie werksaamheid plaasvind, want juis in en deur die samelewing wat die mens se aangebore talente en kragte daartoe prikkel, en nie in afgeslotenheid nie, kom hy tot die hoogste ontwikkeling en ontplooiing. Die mens en die groep is die draers en oordraers van kultuur met onderwys en opvoeding as die middel tot oordraging daarvan.

Ten opsigte hiervan is van belang die verband tussen die kultuur en die totaliteit van gedragswyse in 'n samelewing maar ook van die indiwiduele verhoudinge en gedragswyses, wat voortspruit uit die feit dat die enkeling

in sy denkwyse geleer word om soos sy groep te dink, te wil en te handel met so min moontlik steurings, konflikte, wrywinge ens., nog verbind met sy eie indiwiduele aard en karakter, waaruit en waartoe hy in sy wisselwerking met andere gelei en gerig word. Op hierdie wyse verwerf en vul hy voortdurend en opnuut sy subjektiewe kultuur as sy lewenskapitaal aan.

Sewende: die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en vervlegting in kultuursosiologiese sin en betekenis.

(1) In die onverbreeklike drie-eenheid van die mens, samelewing en kultuur [1)] is die mens die aktiewe element, die aksiefront of die aksiesentrum van wie die kultuuraktiwiteit uitgaan en onderneem word om die rykdom wat God in die natuur weggelê het, te ontdek, te ontvou, te verwerk en om te vorm tot kultuur.

(2) Kultuur is sowel aktiwiteit of arbeid as produk of resultaat. Die kultuurgawe wat die mens van God ontvang het, stel hom daartoe in staat sodat alles wat hy aanraak, kultuur word. Hiervoor benodig hy ook lewenskapitaal, d.i. sy liggaamlike, verstandelike en geestelike kragte, waarmee gearbei en gewoeker word en wat hy opnuut vir homself moet verwerf en ontwikkel om kultuur te kan skep.

Maar ook in sy kontakte met sy medemens, dit is sy verhoudinge met sy medemens, wat voortvloei uit die dinamiese strukturele orde van die menslike samelewing, vorm hy kultuur. Om hierdie rede vorm die duursame konstante samelewingsvorme van die mens die komponente kultuurmassas met onderskeidende gemeenskaplike doeleindes wat die lede tot verwewesenliking nastrewe, maar ook in die wedersydse beïnvloe-

1. Van Dyk: Mens en medemens, p. 38.
Vgl. Sorokin: Society, culture and personality; Linton, R.: The cultural background of personality.

ding en vorming van èn die persoon èn die samelewingsvorm tot onderhouding en instandhouding van laasgenoemde. In hierdie proses is die mens sowel die draer as die oordraer van bepaalde vorme van gedragspatrone in sy kulturele lewensfunksies, soos dit tot openbaring kom in bepaalde, van mekaar verskillende gemeenskapsvorme en maatskapsverhoudinge, maar veral die gemeenskapsverhoudinge, wat van 'n duursame aard is. Dit is, kortkom, wat ons noem kultuurpatrone [2].

(3) Die opdrag aan die mens om oor die skepping te heers sluit dus ook die opdrag tot kultuurvorming in; m.a.w. die mens heers dus innerlik en uiterlik kultuurvormend oor alles wat God aan hom toevertrou het. Elke mens het o.a. ook hierdie roeping wat hy baie goed, minder goed of swakker kan uitvoer, want dit hang ten nouste saam met iemand se verantwoordelikheids- en normbesef soos hy elke oomblik voor alle sosiale situasies te staan kom.

Onverbreeklik hang hiermee saam die faktor van gesag as die fundamentele by die kultuuroordrag. Die hele samelewing is vol van volwassenes; ouers, onderwysers, kerklike amptenare, staats- en plaaslike bestuursamptenare, polisie, verkeerskonstabels ens., almal besig met onderwysende en opvoedingswerksaamhede. Elkeen is op sy eie gebied besig om leiding en rigting te gee om wetsgehoorsame en normgehoorsame persone te vorm en te beïnvloed. In hierdie

---

2. Benedict, R.: Patterns of culture; Routledge, London, 1935.
Vgl. Cuber, J.F.: Sociology. A synopsis of principles; Appleton-Century-Crofts, Inc, New York, 1955; p. 56-65.

verband sê Ottaway [3]: „The concept of culture in this total sense throws so much light on the problems of education ..."

Vervolgens wys ons ook op die sg. „cultural lag" as die agterbly van die ontwikkeling van een lewensterrein met sy normekompleks t.a.v. 'n ander; bv. die geweldige ontwikkeling van die kultuursektor tegniek en ekonomie en die agterbly van die ontwikkeling op sosiaal-etiese en juridiese terrein.

Samevattend van wat tot dusver bespreek is, kan gesê word dat alle kultuurvorming kultuurarbeid is, 'n kultuurroeping wat Godverheerlikend en deur God geheilig is; 'n roepingsvervulling waardeur die mens op aarde as medearbeider, medeheerser en medeskepper van God sy bestemming verwesenlik en verwerklik of in die woorde van die Prediker: „Wat jou hand vind om te doen, doen dit met alle mag".

(4) Die universaliteit van roeping maak dat elke mens as geroepene voortdurend reformerend behoort op te tree en dat elke mens dus orals en altyd in die diens van die Here God is afgesien van watter beroepskring, sportsoort of spel hy hom ook al in bevind. Hierdie waarheid geld vir alle mense in die tydelike bedeling waarin ons lewe, en dus ook naas andere vir die kultuurroeping van die mens.

(5) Die verskeidenheid en differensiasie van roepings om kultuur te vorm bestaan in die veelkleurigheid en variasie van die beroeps- en werkkringe, wat almal geëerbiedig moet word omdat God hierdie verskeidenheid met moontlikhede en geleenthede vir elke mens en samelewingsvorm en -kring daargestel het,

3. Education and society, p. 8.

sodat elkeen sy besondere roeping en bestemming op aarde kan verwesenlik.

Die besondere roeping van elke mens is onafskeidelik verbonde met sy innerlike kultuur - die subjektiewe kultuur, wat in die mens self lê en uit al die persoonlike dinge bestaan, - sy hele liggaamlike en geestelike kragte, m.a.w. sy liggaamlike en geestelike ontwikkeling, wat die mens besit as sy lewende kapitaal om hom in staat te stel om sy lewensdoel met welslae na te streef. Die subjektiewe kultuur is afhanklik van die „eenmalige" vermoens wat in aanleg reeds by geboorte aanwesig is as potensiële kragte, wat ontwikkel om tot werkende kragte oor te gaan deur prikkels van die gemeenskap om kultuur te kan vorm.

Die variasie van roepings word bepaal deur die historiese ontwikkelingsnorm sodat elke mens en elke lewenskring sy eie besondere geskiedenis het waarin die besondere roepings ontwikkel het en op eie besondere wyse gemanifesteer word deur die kwalifiserende of leidende funksie volgens die aard en wese van die lewensvorm wat die taak tot roeping oplê.

(6) Die verskeidenheid van roepings, waarby o.a. die roeping tot kultuurvorming ingesluit is, is in elke mens verenig, omdat hy deel het aan en lid is van 'n gesin, kerk, staat, bedryf, volk, ras, vakbond ens. Hierdie roepings van die mens is komplementêr en afhanklik van mekaar vir die vorming, instandhouding en onderhouding van die samelewing, vir die sedelike en geestelike bestaan en voortbestaan daarvan.

Al verskil die gesinslede bv. die vader en die moeder, het elkeen sy of haar besondere roeping

en vorm hulle nogtans 'n gesinseenheid met 'n gemeenskaplike roeping om deur hulle funksies en handelinge al die ander aspekte in onderlinge samehang en verband onder die norm van liefde en gesag, die verhoudinge op die grondslag van die bloedbande te verstewig, te verwesenlik en te verwerklik. Wat vir die gesin geld, geld ook vir die ander samelewingsvorme onder die klem van die twee radikale funksies, nl. die funderings- en bestemmingsfunksie, volgens die aard en wese van die bepaalde samelewingsvorme.

Laastens het God aan die mensheid as nageslagte van Adam en Eva in Jesus Christus 'n gemeenskaplike taak en roeping gegee - die Skeppingsopdrag, wat lei tot 'n gemeenskaplike eindbestemming: hemel of hel. In die opvoeding: 'n heenwys en heenlei na Bo.

(7) Slegs deur die genade van God in Christus Jesus is dit vir die mens moontlik om sy bestemming te bereik, omdat Hy nog met sondaars bemoeienis maak en wil maak. Die vryheid van die mens - die hoogste en grootste mate van vryheid is gewortel en gegrond in in die lydingsgeskiedenis van en die verlossing in en deur Jesus Christus. Dit bring mee dat die mens orals eers vry word wanneer hy in onderworpenheid aan die Groot Wetgewer van die natuur, van die kultuurnorme en t.o.v. sy oorsprong, aard, aanleg en bestemming gehoorsaam is. Met ander woorde: die skeppingsopdrag is 'n roepingsvervulling van o.a. ook die roeping tot kultuurvorming. Dis 'n diens van en tot God om die heerskappy oor die aarde, waartoe die mens geroepe is om sy van Godgegewe bestemming op aarde te verwesenlik en te verwerklik.

(8) Ten besluite is kultuur geen godsdiens nie, want om God te dien rig die mens hom na Bo: deur godsdiens as 'n binding aan God deur gebed, sakramente, sang, binnekamer ens., omdat die mens na Gods beeld geskape is. Die binding aan God bring gemeenskap met die gelowiges mee, wat 'n horisontale gerigtheid is deur gebruikmaking van kultuurmiddele, bv. taal, musiek, Bybelboek, orrels ens., wat nie godsdiens is nie. Kultuur het wel godsdiens nodig omdat dit daarin gewortel is, en om aan die kultuur die leiding tot verdieping te gee.
Kultuurvorming en -arbeid is in sy diepste wese religieus bepaald, omdat alles uit, deur en tot God is. Soos alle ander dinge is ook kultuur uit God as die Oorsprong van alle dinge. Kultuur is 'n roeping tot die vervulling van 'n skeppingsopdrag waardeur ons God dien - 'n diens wat in sy wese religieus en nie godsdiens is nie. Die rykdom in die natuur is deur God daargestel, en hierdie rykdom moet die mens volgens kultuuropdrag ontgin tot kultuurskepping en -vorming.

In samehang hiermee, wanneer kultuur onder die leiding en verdieping van die godsdiens staan, lei en verdiep dit ook die bekering, en deur die hart as die poort van die menslike lewe, ook die beskawing.

(9) Kultuur is 'n middel om die gawes wat natuurlikerwys aanwesig is, na buite te bring en in sigbare en tasbare vorm in die lewe te roep of ten minste in so 'n toestand of vorm te bring dat oordraging van hierdie kultuurerfenis aan die opkomende geslagte moontlik is. Kultuur ontleen sy stof aan die natuur en bring die aanwesige skatte na die samelewing. Met die

geërfde kultuur moet aktief gewoeker word tot uitbreiding deur 'n organiese ontwikkeling.

In hierdie kader, in die vervlegting van die skool as neweskikkend en gekoördineerd in die dinamiese strukturele orde van die menslike samelewing, beklee die skool 'n uniek-eie posisie in die oordrag van kultuur, omdat die skool geen ander taak en roeping het nie as onderwys en opvoeding, waardeur dit gekwalifiseer word tot die bestemming van die ouerlose [4]. Die verwesenliking hiervan hang o.a. saam met die aard en wese van die skool, wat opvoed in onderwysende en in sekondêre sin: met sy interpreterende karakter in analitiese en estetiese sin [5].

Samevattend is die algemene sosiologiese opvatting oor die opvoeding en onderwys deel van 'n opvoedingsbeskouing, wat gefundeer is in 'n lewens- en wêreldbeskouing.

---

4. Popma, K.J.: „Opvoeding, onderwys, schoolverband" in Philosophia Reformata, 12e Jaargang, 2de kwartaal 1947; uitgave J.H. Kok N.V., Kampen; p.93.

5. Ibid., p. 89, en 3de kwartaal 1947; p. 130.